_______________ 202__ **Deelwoorde 1** *Kyk PowerPoint* “**Deelwoorde” skyfies 9 – 11**

**Skryf die regte vorm van die deelwoord in die oop spasies in**





1. Dit is my (oorweeg) _______________ mening dat ons hierdie (hang) _______________ en (verloor) ___________ saak (gewen) ____________ moet gee. Ons dien ‘n (skryf) ___________ antwoord in. Nou is dit ook (gedoen) __________ sake.






2. Die (ry) ________________ polisie begelei die (verkies) ________________ leier na die (aanwys) _______________ plek vir die (afspreek) ________________ inhuldiging volgens die (aanbeveel) ________________ riglyne.





3. Die (nie verskrik) ___________________ brandweerman red die (verskrik) _________________ seun voor die (juig) ________________ skare uit die (brand) ________________ gebou. Tuis kry hy ‘n (pas) ____________ ontvangs van sy (beangs) ___________ ouers.

Grafika: Microsoft Designer

© kopiereg Dirk-e-teacher 2024

**Memorandum Deelwoorde 1** *Kyk PowerPoint* **“Deelwoorde” skyfies 12 – 14**

## Skryf die regte vorm van die deelwoord in die oop spasies in





1. Dit is my (oorweeg) **oorwoë** mening dat ons hierdie (hang) **hangende** en (verloor) **verlore** saak (gewen) **gewonne** moet gee. Ons dien ‘n (skryf) **geskrewe** antwoord in. Nou is dit ook (gedoen) **gedane** sake.






2. Die (ry) **berede** polisie begelei die (verkies) **verkose** leier na die (aanwys) **aangewese** plek vir die (afspreek) **afgesproke** inhuldiging volgens die (aanbeveel) **aanbevole** riglyne.





3. Die (nie verskrik) **onverskrokke** brandweerman red die (verskrik) **verskrikte** seun voor die (juig) **juigende** skare uit die (brand) **brandende** gebou. Tuis kry hy ‘n (pas) **gepaste** ontvangs van sy (beangs) **beangste** ouers.

© kopiereg Dirk-e-teacher 2024